**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES**:

- Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings (A, B en C).
- Beantwoord slegs **DRIE** vrae.
  - Een onderwerp uit Afdeling A.
  - Een onderwerp uit Afdeling B.
  - Een onderwerp uit Afdeling C.
- Nommer jou skryfstukke presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A

## VRAAG 1
## LANG SKRYFSTUK

**INSTRUKSIES**:

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling en voer dan die opdrag van **250 – 300 woorde** by daardie vraag uit.
- **Jy moet jou lang skryfstuk eers as 'n rowwe kopie skryf en dan netjies oorskryf.**
- Volg die **opdrag** by elke skryfstuk.

1.1 Jou oupa het Durban toe getrek en jy het by hom gaan kuier. Jy het nie geweet dat Durban so groot is en dat dit so moeilik gaan wees om by jou oupa se huis uit te kom nie. Jy het heeltemal verdwaal en het later nie geweet waar jy is nie.

Vertel van jou ondervinding. Dink aan die volgende:

- Hoe het jy Durban toe gegaan?
- Hoekom kon jy nie jou oupa se huis kry nie?
- Hoe het jy gevoel toe jy verdwaal het?
- Wat het jy gedoen?
- Hoe het jy uiteindelik by jou oupa se huis uitgekom? (40)

**ÓF**

1.2 Jy was drie jaar lank sonder werk. Jy het toe besluit om jou eie besigheid te begin. Dit is ? besigheid wat baie suksesvol is.

**OPDRAG**:

Beskryf jou eie besigheid. Dink aan die volgende:

- Watter soort besigheid is dit?
- Hoe lank het dit jou geneem om op hierdie tipe besigheid te besluit?
- Watter soort goedere verkoop jy?
- Hoe suksesvol is dit?
- Watter raad sal jy aan ander werklose mense gee? (40)

**ÓF**

1.3 Skoolmeisies wat babatjies verwag, mag volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet tot aan die einde van hulle swangerskap die skool bywoon.

**OPDRAG**:

Wat is jou opinie oor swanger meisies by die skool? Dink aan die volgende:

- Dink jy dit is ? goeie ding dat swanger meisies by die skool bly?
- Hoe affekteer dit die ander leerders?
- Wat is die voordele en / of nadele van dié situasie?
- Wat, dink jy, is die oplossing? (40)

**ÓF**

1.4 Dit word baie moeilik om ? deeltydse matriekkandidaat te wees, maar jy is gedetermineerd om aan te hou en uit te hou.

**OPDRAG**:

Verwys na jou eie ervaring as ? deeltydse kandidaat. Dink aan die volgende:

- Waarom moet jy jou matriekjaar deeltyds doen?
- Wat doen jy terwyl jy jou matriekjaar deeltyds doen?
- Waar sal jy graag eendag wil werk?
- Het jy enige ander drome? (40)

**ÓF**

1.5 Die Grondwet in Suid-Afrika laat homoseksualisme toe. Dit beteken dat ? man ? ander man kan liefhê en vroue mekaar kan liefhê.

**OPDRAG**:

Stem jy saam met hierdie stelling of nie? Dink aan die volgende:

- Hoe voel jy oor die saak?
- Is dit goed om ? man met sy arm om ? ander man of ? vrou met haar arm om ? ander vrou te sien loop?
- Watter invloed het só iets op jonger kinders?
- Wat, voel jy, moet gedoen word? (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**VRAAG 2**
**KORTER SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES**:

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ? nuwe bladsy.

2.1 Jou broer verkoop dwelms aan leerders by die skool en die polisie arresteer hom.

**OPDRAG**:

Skryf **? brief** aan jou pa wat ver werk en verduidelik wat alles gebeur het. Dink aan die volgende:

- Hoe het die polisie geweet dat dit jou broer is wat dwelms aan leerders verkoop?
- Wat het hulle gedoen toe hulle by julle huis aangekom het?
- Hoe het jou broer gereageer toe hulle hom weggeneem het? (20)

2.2 Die seuns by julle skool/sentrum speel sokker / rugby en toe breek ? groot vuisslanery uit. Die skoolhoof vra vir ? ooggetuie om vir hom te kom vertel wat gebeur het. Jy gaan sien die skoolhoof, maar hy glo jou nie.

**OPDRAG**:

Skryf **? dialoog** waarin jy as ooggetuie met die skoolhoof daaroor gesels. Dink aan die volgende:

- Die rede waarom die seuns vuisgeslaan het
- Wat jy gedoen het toe die vuisslanery begin het
- Hoekom die skoolhoof jou nie glo nie
- Wat is die skoolhoof se eie opinie? (20)

**ÓF**

2.3 Jy het óf ? interessante boek gelees óf ? treffende film gesien.

**OPDRAG**:

Skryf ? **resensie** van die boek / film. Dink aan die volgende:

- Die titel van die boek / film
- Wie die karakter(s) / speler(s) is
- Die soort persoonlikheid van die karakter(s) / speler(s)
- Watter rol die karakter(s) / speler(s) speel
- Wat die tema en boodskap van die boek / film is
- Waar ? mens die boek kan koop / die film kan sien
- Wat die prys van die boek / kaartjie is vir die film
- Enige ander inligting. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

AFDELING C

**VRAAG 3**
**FUNKSIONELE SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES**:

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ? nuwe bladsy.

3.1 Jy organiseer die sport by jou werkplek. Julle sokker- en netbalspanne het vanjaar al hulle wedstryde gewen en jy reël ? funksie om die oorwinnings te vier en om die pryse uit te deel.

**OPDRAG**:

Skryf **? kennisgewing** om almal by die werkplek oor die funksie in te lig. Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer sal die funksie gehou word?
- Die soort funksie
- Watter soort pryse sal uitgedeel word aan die spanne en/of spelers?
- Watter soort pryse sal die afrigters kry?
- Wat, wil jy hê, moet die werkers doen om jou te help?
- Enige ander inligting (20)

**ÓF**

3.2 Julle as werkers by TELKOM wil hê dat julle werkgewer julle salaris moet verhoog en julle wil onmiddellik ? vergadering met die werkgewer hê.

3.2.1 **OPDRAG**:

Skryf **? memorandum** (40 – 50 woorde) om al die werkers in julle departement daarvan te laat weet. Dink aan die volgende:

- Die naam van die maatskappy
- Die datum, tyd en plek van die vergadering
- Die doel van die vergadering (10)

**ÉN**

3.2.2 **OPDRAG**:

Skryf as deel van jou memorandum ? paragraaf (80 – 100 woorde) om te **motiveer** hoekom dit belangrik is dat almal die vergadering moet bywoon. Gee **DRIE** redes. (10)
(20)

**ÓF**

3.3 Jy werk baie hard om goed te doen in jou Graad 12-eksamen, maar jy weet nie hoe om volgende jaar vir jou studies te betaal nie.

3.3.1 **OPDRAG**:

Voltooi die volgende **aansoekvorm vir ? beurs** (40 – 50 woorde). Trek die beursvorm in jou antwoordboek na en voltooi dit.

**RAMAPHOSA BEURSE EN LENINGS**

**Persoonlike besonderhede:**

- Van en voorname: ........................................................................................ (½)
- Identiteitsnommer: ........................................................................................ (½)
- Geslag: ........................................................................................ (½)
- Posadres: ........................................................................................
  ........................................................................................ (1½)
- Kontaknommer(s): ........................................................................................ (½)

**Skoolbesonderhede:**

- Naam van hoërskool: ........................................................................................ (½)
- Matriekvakke en jongste eksamenuitslae:
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................
  ........................................................................................ (6)
- Ander kwalifikasies/prestasies: ........................................................................................
  ........................................................................................ (2)
- Buitemuurse aktiwiteite: ........................................................................................ (2)
- Ander belangstellings: ........................................................................................ (1)
- Verwysings: ........................................................................................ (1½)

**Toekomsbeplanning:**

- Beplande studierigting: ........................................................................................ (1)
- Lengte van kursus: ........................................................................................ (½)
- Plek waar beplan om te studeer: ........................................................................................ (½)
- Beplande akkommodasie: ........................................................................................ (½)
- Koste van akkommodasie: ........................................................................................ (½)
- Tipe vervoer benodig: ........................................................................................ (½) (20÷2)

**ÉN**

3.3.2 **OPDRAG**:

Skryf ? kort **motivering** (80 – 100 woorde) waarin jy

- verduidelik wat jou omstandighede by die huis is en
- sê hoekom dit vir jou belangrik is dat jy ? beurs moet kry.
- Sê wat is jou toekomsplanne. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**